- Was met water en seep in geval van toevallige kontak met vel.
- Dra handskoene en 'n gesigskerm wanneer konsentraat hanteer word.
- Vermy vel- en oogkontaminasie. In geval van toevallige oogkontak, spoel oë met lopende water vir ongeveer 15 minute. Verkry mediese hulp indien oogirritasie nie sou opklaar nie.
- Moenie eet, drink of rook terwyl gemeng of toegedien word nie.
- Tydens vermenging of toediening moet die hande en gesig altyd gewas word voordat geëet, gedrink, gerook of die toilet besoek word.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel na aangrensende gewasse, weidings, riviere of damme.
- Maak toerusting skoon voordat vir ander middels gebruik word en gooi spoelwater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en waterbronne sal besoedel nie.
- Ledig leë houers deur dit vir ongeveer 30 sekondes omgekeer te hou oor spuittenk totdat die uitvloei van die inhoud tot 'n stadige drup verlangsaam. Spoel die leë houer daarna drie maal uit met water gelykstaande aan ongeveer 10 % van die volume van die houer en voeg die spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Vernietig die leë houer deur gate in te kap, plat te slaan en te begrawe. Moet nooit leë houers vir enige ander doel aanwend nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei tydens opberging, hantering en wegdoening.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

Gebruik slegs soos aangedui.

GF-120™ NF is 'n konsentraat lokmiddel wat eers met water verdun moet word voordat dit met geskikte en gekalibreerde toerusting in verspreide druppels met 'n gewenste druppelgrootte van 4 mm deursnee teen 5 - 30 liter lokaasmengsel per ha aangewend word. **Sien "Algemene Instruksies".**

Weerstandbestuur van insekmiddels

Insekdoders word geklassifiseer op grond van hul werkingswyse. ("Mode of Action"). **GF-120™ NF** is geklassifiseer as 'n spinosin (subgroep 5A) insekdoder.

Enige insekpopulasie mag individue met 'n natuurlike weerstand teen **GF-120™ NF** of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep insluit. Indien **GF-120™ NF**, of insekdoders van dieselfde chemiese groep, herhaaldelik oor lang periodes, of teen opeenvolgende generasies van insekte aangewend word, sal die weerstandbiedende individue uiteindelik oorheersend in die populasie voorkom. Hierdie weerstandbiedende insekte sal nie deur **GF-120™ NF**, of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep, beheer word nie. Lokale kundiges moet oor 'n weerstandstrategie of oor aanbevelings in die verband geraadpleeg word. Dit is bekend dat weerstand van insekte en myte teen insek- en mytdoders ook kan ontstaan as gevolg van verhoogde metabolisme, verlaagde penetrasie of veranderde gedragspatroon. Hierdie tipe weerstand hou nie verband met enige werkingswyse-klassifikasie nie, maar sal spesifiek wees tot 'n bepaalde middel of chemiese groepering. Ten spyte van bogenoemde, bly die afwisseling van middels tussen verskillende chemiese groepe steeds 'n lewensvatbare anti-weerstandstegniek.

Om insekweerstand te vertraag

- Vermoed die eksklusiewe gebruik van insekdoders van dieselfde subgroep.
- Moenie insekdoders teen laer dosisse, as wat op die etiket voorgeskryf word, aanwend nie.
- Sluit ook ander bewese landboukundige of biologiese beheerpraktyke by Weerstandbestuursprogramme in.

Geïntegreerde Plaagbestuursprogram (GPB)

GF-120™ NF het nie 'n beduidend nadelige invloed op parasitiese en predatoriese insekte en myte soos skilpadkewers, goudogies, roofwantse, predatoriese myte, ens. nie en kan daarom in GPB programme van verskeie gewasse aanbeveel en gebruik word.

ALGEMENE INSTRUKSIES:

Menginstruksies vir GF-120™ NF:

GF-120™ NF is spesifiek geformuleer om 'n hoë viskositeit te hê. Die hoë viskositeit van **GF-120™ NF** verleng die leeftyd van die lokaasdruppels na toediening en verseker sodoende langer aktiwiteit teen vrugtevlieë. Al die bestanddele in **GF-120™ NF** is egter oplosbaar in water en wanneer dit eenmaal vermeng is sal dit in oplossing bly. **As gevolg van die hoë digtheid van GF-120™ NF in verhouding met die van water, moet die vermenging met water spesiale aandag geniet.**

Vul die spuittenk tot die helfte van die totale volume water benodig. Voeg die verlangde hoeveelheid **GF-120™ NF** stadig in die spuittenk by terwyl die water aanhoudend geroer word en die tenk tot die verlangde volume gevul word. Handhaaf roering vir 'n verdere 5 - 10 minute om te verseker dat die **GF-120™ NF** in 'n homogene oplossing is voordat toediening 'n aanvang neem. Dit is noodsaaklik dat die oplossing vir ongeveer 20 - 30 minute na aanvanklike vermenging steeds geroer word. Indien die spuittenk nie oor 'n sterk roermeganisme beskik nie, is dit raadsaam om die afgemete volume **GF-120™ NF** eers vooraf met dieselfde volume water te vermeng voordat dit by die water in die spuittenk gevoeg word. **(Indien hierdie prosedure nie gevolg word nie sal die GF-120™ NF as gevolg van die hoër digtheid as die water, na die bodem van die tenk afsak sonder om met die water te vermeng of daarin op te los).** Vermoed die terugvloei van water of spuitmengsel na die waterbron.

Na vermenging moet **GF-120™ NF** binne 12 uur gebruik word.

GF-120™ NF lokmiddel moet met geen ander middel vermeng word nie - ook nie met benattings-, kleef- of buffermiddels nie.

Grondtoediening

Om optimum effektiwiteit van **GF-120™ NF** te verseker moet verkieslik van doelgerigte toedieningsapparate en tegnieke gebruik gemaak word om te verseker dat die regte dosis van **GF-120™ NF** per ha, op die mees doeltreffende wyse toegedien word.

Aangesien vrugtevlieë geneig is om meer beskutte dele van plante op te soek, moet gepoog word om die lokaas aan die onderkant van blare of op die binneste blaredek toe te dien. Sodoende, word die lokaasdruppels ook teen direkte sonlig en reën beskerm. Afhangend van weerstoestand en vrugtevlieëdruk, moet toedienings elke 7 - 14 dae herhaal word.

Die toediening van **GF-120™ NF** in laer volumes en meer gekonsentreerde druppels is meer koste-effektief.

Bestuur van stippelletsels op die skil by gevoelige sitruskultivars: Sekere sitruskultivars soos mandarynsoorte (bv. Nadorcott) mag onder sekere omstandighede vatbaar wees vir die vorming van stippelletsels. Foutiewe toediening (sien aanbevelings onder "Toediening op vrugteboom"), veral foutiewe druppelgrootte, en die ontwikkeling van roetskimmel geassosieër met stadige droogword van **GF-120™ NF** druppels, mag bydra tot die ontwikkeling van stippelkade. Waar koperprodukte vir siektebestuur of as blaarvoeding toegedien word, kan letsels onder die **GF-120™ NF** druppels voorkom. Lugtoediening is die voorkeur toedieningsmetode vir **GF-120™ NF** by kultivars wat vatbaar is vir stippelletsels.

Toediening op vrugteboom:

GF-120™ NF moet teen 1.0 – 1.2 liter in 4 – 29 liter water (5 – 30 ℓ lokaasmengsel) per ha toegedien word. Die konsentrasie van die lokaas moet nie hoër as 1:4 of laer as 1:29 (**GF-120™ NF**:water) wees nie. Om die moontlikheid van onooglike druppelplekke of die ontwikkeling van roetskimmel op vrugte te verlaag, moet 'n gewenste druppelgrootte van 4 mm deursnee gehandhaaf word.

Daar moet gepoog word om die lokaas in verspreide druppels, aan die binnekant van die blaredek, ongeveer 1 – 2.5 m bo die grondvloer, aan minstens een kant van al die bome in 'n ry toe te dien. Waar toediening aan twee rye weerskante van 'n werksry gedoen word, kan die daaropvolgende werksry oorgeslaan word om lokaas sodoende net aan een kant van elke ry toe te dien. Om akkumulering van lokaasdruppels met opeenvolgende toedienings op vrugte te voorkom moet die lokaas vir opeenvolgende toedienings aan alternatiewe kante van die rye toegedien word deur in alternatiewe rye te beweeg.

Dien die lokaas binne voorgeskrewe druppelgrootte en volume per aangeplante hektaar toe deur van venturie, impulserende apparaat of konvensionele toerusting wat met geskikte spuitkoppe toegerus is, gebruik te maak. Maak seker dat die toedieningsapparaat korrek gekalibreer is om die verlangde hoeveelheid lokaasmengsel per geplante hektaar toe te dien en dat die druppelspektrum aan bogenoemde vereistes voldoen.

Vermyn enige toedieningsapparaat of toedieningsmetode wat 'n dekbespuitingseffek of aaneenvloeiing van lokaasdruppels op vrugte tot gevolg sal hê.

Die volgende toerusting en tegniek word vir gebruik in vrugteboomgewasse aanbeveel: Gebruik apparaat wat die lokaas in 'n soliede dun straal sal toedien soos wat bv. van spuitkoppe toegerus met "Spraying Systems" D-1 tot D-3 spuitplaatjies sonder warrelplaatjies teen 1.5 – 5 BAR, druk verkry word. Gebruik D-1 teen 1.5 – 3 BAR, D-2 teen 1.5 – 4.0 BAR en D-3 teen 2.0 – 5.0 BAR druk. Rig die straaltjie(s) skuins, opwaarts in die blaredek van die vrugteboom. Wanneer die straaltjie(s) enige obstruksie soos vrugte, blare of takkies tref, sal dit in growwe druppels van gewenste grootte opbreek en in die binnekant van die boom versprei. Dit het ook die voordeel dat minimale lokaasreste aan die buitekant van die blaredek af op vrugte versamel of dat opeenvolgende lokaastoedienings op dieselfde vrugte akkumuleer. Dit is belangrik dat die straal nie te grof is nie (soos verkry wanneer 'n spuitplaatjie met 'n te groot opening gebruik word) – hoe dikker die straal hoe hoër moet die toedieningsdruk wees om die gewenste effek te verkry. Die aantal spuitkoppe of kombinasie van spuitplaatjies wat gebruik word sal afhang van die kalibrasie vereistes vir 'n spesifieke gewas, toerusting, grondspoed, ens.

Nota: Indien aanbevole dosis en druppelgrootte vir **GF-120™ NF** lokaas oorskry word of druppels ineenvloei of lokaas van opeenvolgende toedienings op dieselfde plekke akkumuleer, mag roetskimmel ("sooty mould") op die geakkumuleerde lokaas ontwikkel.

Toediening op Tafeldruwe en ander soortgelyke opgeleide gewasse:

Dien **GF-120™ NF** teen 1 – 1.2 liter in 4 – 29 liter water (5 – 30 ℓ lokaasmengsel) per ha aan die onderkant van die priëelkappe toe deur van dieselfde druppelspektrum en toerusting, soos vir vrugteboom beskryf is, gebruik te maak. Voorkom onnodige spatsele (druppels) op die korrels of vrugte deur die toediening by skuinskappe, aan die bokant van die tros-/vrugtelyne, en by dakpriële, tussen die tros-/vrugtelyne, te rig. Waar toediening aan beide rye van 'n werksry (soos by skuinspriële) toegedien word, kan die daaropvolgende 2 – 3 werksrye oorgeslaan word, maar in die geval van dakpriële waar slegs 'n enkelbaan in die werksry behandel word, moet nie meer as 2 werksrye oorgeslaan word nie. Die onbehandelde gedeelte tussen toedieningsbane moet nooit wyer as 10 meter wees nie.

Algemeen:

Lokaasbehandelings teen vrugtevlieë moet deur die hele jaar volgehou word, met die korter intervalle gedurende die somermaande of wanneer moniteringsvalle aandui dat die populasie getalle aan die toeneem is, of vrugte begin ryp word. Herhaal toedienings gedurende somermaande, elke 7 - 14 dae. Gebruik slegs die langer intervalle indien vrugtevliegtellings vir 'n geruime tydperk laag bly (minder as 2 vlieë per val oor 3 - 4 weke). Gedurende die wintermaande, wanneer vrugtevliepopulasies normaalweg in lae getalle aanwesig is, kan die intervalle na 21 tot 28 dae, verleng word. Handhaaf 7 - 14 dae intervalle vir sitrus wat nog nie geoes is nie, of waar daar nog vrugte aan die bome hang. Dien vrugtevlieglokaas gedurende die wintermaande verkieslik op warm, sonnige dae toe. Beheer ook vrugtevlieë in huistuine, om plaasopstalle en om werkershuise om her-infestasië vanaf hierdie bronne te voorkom.

Belangrike Nota:

Die suksesvolle beheer van vrugtevlieggetalle kan nie gewaarborg word wanneer enkel boorde, wingerde of rygewasse met lokaas behandel word sonder dat vrugtevliegbeheer nie ook in omliggende boorde, wingerde en lande toegepas word nie. Om die opbou van vrugtevlieggetalle buite ongeeste boorde of wingerde te voorkom, moet alle boorde of wingerde, insluitend klaar geeste boorde of wingerde, onder 'n vrugtevlieg beheerprogram gehou word totdat die laaste vrugte, groente of druiwe geoes is.

Sanitasie is krities vir goeie vrugtevliegbeheer. Boorde, gewasse en wingerde moet tydens die oesproses skoon gepluk word en alle oorryp vrugte aan bome en op die grond en groente moet uit die boorde, wingerde en lande verwyder word.

Die effek van reën: Alhoewel **GF-120™ NF** lokaas minder onderhewig is aan afwassing deur dou of ligte reën as konvensionele lokaasmengsels, sal voortdurende swaar dou, reën of oorhoofse besproeiing die doeltreffendheid van **GF-120™ NF** benadeel en sal opvolgtoedienings vereis word.

Aangemaakte lokaas moet binne 12 uur gebruik word.

SKOONMAAK VAN TOERUSTING:

Meng- en toedieningstoerusting moet na gebruik deeglik skoon gemaak word. Mikrobe-groei kan op lokaas-reste in die toerusting ontwikkel en daaropvolgende lote kontamineer, asook vaste materiaal tot gevolg hê wat spuitkoppe kan verstop. Drievoudige spoel met loutwarm water is voldoende. Indien aangemaakte lokaas vir 3 of meer dae in die toerusting bly staan het, moet die toerusting die eerste maal met 0.1 % chloor of bleikmiddel gespoel word om enige bakteriese groei te verwyder.

LUGTOEDIENING:

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n geregistreerde en gesertifiseerde korrek gekalibreerde vliegtuig, volgens instruksies van SANS Kode 10118 ("Aerial Application of Agricultural Remedies") gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot die minimum beperk word. Die volgende kriteria moet nagekom word:

Toerusting:

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (bv hidrouliese ofspuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte sal produseer om bedekking van die teiken area te verseker, maar wat terselfdertyd die minste verlies van produk deur wegdrywing tot gevolg sal hê.
- Die operateur moet 'n spuitstelsel gebruik wat 'n druppelspektrum van 1-6 mm of 1000-6000 mikron met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Om die beweging van druppels in die vlerkvortex te beperk, moet alle spuitkoppe en atomiseerders binne die binneste 75 % van die vlerkspan geplaas word.

Riglyne vir spuitkopkeuses om aan die vereistes vir lugtoediening van GF-120™ NF vrugtevlieglokaas te voldoen:

- ❖ Spuitkoppe met 'n soliede straal wat in die rigting van die lugvloei (180° na agter) gemonteer is, lewer tans die beste resultate om die verlangde spektrum van groter druppels vir lugtoediening van GF-120 vrugtevlieglokaas te verkry. **Spuitkoppe met plat waaier- of kegel spuitpatrone moet nie oorweeg word nie.**
- ❖ As voorbeeld kan die volgende spuitkoptipes oorweeg word:
 - a. Die mees geskikte spuitkoppe wat tot hede vir lugtoediening van **GF-120™ NF** vrugtevlieglokaas vir gebruik by vastevlerk-vliegtuie en helikopters getoets is, is pasmaak-spuitkoppe wat gemaak word deur 15 – 25 cm lange vlekvrystaal pypies (of hidrouliese pype) met 4 – 6 mm binnemaat aan standaard "Spraying System" brons basisse te monteer. Dit kan gedoen word deur die basisse te masjineer of oop te boor waarin die staalpypies dan stewig geforseer word om lekvrystaal te pas. Vir beter ondersteuning kan die basis gesweis/soldeer word. Die spuitkoppe word dan met groot standaard bronsmoere aan die standaard hidrouliese kleppe geheg.
 - b. Spuitpunte, toegerus met "Spraying System" D-tipe holkegel ("hollow cone") spuitplaatjies met 3 – 8 mm opening, sonder die warrelplaatjies. Om die spuitplaatjies sonder die warrelplaatjies te monteer sal 'n 2 – 3 mm wasser of O-ring benodig word. Werk goed by gyrocopters wanneer 90° afwaarts gemonteer word.
 - c. Alhoewel die "Stream Jet" spuitpunte SJ3-15 tot SJ3-20 of "Solid Stream" spuitpunte TP0020-55 tot TP0030-55, wat vir die toediening van vloeibare kunsmis gebruik word, ook oorweeg kan word. Voorlopige toetse met groot en vinnige vastevlerk vliegtuie het egter getoon dat bogenoemde spuitkoppe nie aan onderstaande vereistes vir druppelgrootte en druppelspektrum voldoen nie. Verdere evaluasies is egter nodig.

- d. Roterende spuitkoppe (“Rotary atomizers”), wat op kleiner vliegtuigies gemonteer is kan ook oorweeg word. Die spuitkoppe moet egter na ’n stadige rotering verstel word om groter druppels te produseer.
- ❖ Die aantal spuitkoppe wat links of regs van die romp gebruik word mag verskil van 2 – 4 per kant (4 – 8 per spuitbalk), afhangend van die verlangde toedieningsvolume, tipe, grootte en operasionele vliegspoed van die tuig. Die spuitkoppe moet aan die binneste 75% van die vlerkspan van vastevlerk vliegtuie en 90% van die span van rotorlemme van helikopters, gemonteer word.
 - ❖ Om ’n meer direkte vloei na die spuitpunte te verseker kan die filter tussen die pomp en spuitbalk verwyder word, mits slegs vooraf-gefiltreerde water gebruik word.
 - ❖ Kontak die registrasiehouer vir meer inligting oor die gebruik van mees geskikte tipe spuitkoppe vir lugtoediening van **GF-120™ NF**

Toedieningsvereistes: *(Die toedieningsvereistes vir lugtoediening van GF-120™ NF vir vrugtevlieg beheer in area-wye operasies was in samewerking met Fruit Fly Africa ontwikkel)*

- ’n Lae volume van 2 – 4 l spuitmengsel / ha word aanbeveel.
- ’n Druppelspektrum van 1000 - 6000 μ (1 – 6 mm) word aanbeveel. Verseker dat druppels kleiner as 1000 μ tot ’n minimum beperk word. Vrugtevlieg lokaasdruppels dien as klein lokstasies. Lokaasdruppels kleiner as 1000 μ kan nie as lokstasies ge-ag word nie. Dit word aanbeveel dat 80% van die toegediende volume binne die spektrum van 2000 - 5000 μ druppelgrootte moet wees.
- Druppeldigtheid van 100 – 500 / m² van aanbevole spektrum moet binne die druppelherwinningsbaan van die teikenarea gehandhaaf word.
- Die aanbevole operasionele vlieghoogte vir vastevlerk vliegtuie en helikopters toegerus met hidroliese spuitkoppe is 25 – 35 m bo die teikenarea. Vir kleiner vliegtuie wat met roterende spuitkoppe toegerus is word ’n vlieghoogte van 10 – 15 m bo die teikenarea aanbeveel. Die hoër operasionele hoogtes word aanbeveel vir toedings tydens windstil toestande en die laer hoogte vir toedienings tydens winderige toestande.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt van ’n draai is of tydens duik of terwyl dit uitklim of draai nie.
- Aangesien die spuitbaanwydte (swath width) vir lokaastoedienings wyer as die van gewasbespuiting is, moet die effektiewe wydte van die druppelherwinningbaan vir GF-120 vir elke tipe vliegtuig en tipe spuitkoppe wat gebruik gaan word bepaal word. Die operasionele spuitbaanwydte (swath width) word soos volg bereken: Die gemiddelde wydte van die effektiewe druppelherwinningsbaan plus 20m (bv. 18m druppelherwinningsbaan + 20m = 38m operasionele spuitbaan wydte)

Meteorologiese beperkings:

- Moenie toedien as die verskil tussen nat- en droëbollesing van ’n swaaihiogrameter meer as 8° C is nie of as die lugvoglesing van ’n digitale meter minder as 40% is nie.
- Moenie toedien as die temperatuur 30° C oorskry nie
- Moenie toedien as die windspoed meer as 15 km/u is nie

- Moenie tydens turbulente en onstabiele weerstoestande of bo 'n inversielaag, toedien nie

Algemeen:

- Verseker dat areas waar lokaas toegedien moet word, duidelik gemerk is sodat die operateur presies weet watter area(s) behandel moet word.
- Verkry versekering van die operateur dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die GPS-toestel vir die korrekte baanwydte vir toediening van **GF-120 NF™** ingestel is.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/HA	OPMERKINGS
<p>ALLE VRUGTE- EN BESSIE-GEWASSE Meditereense Vrugtevlieg (<i>Ceratitis capitata</i>), Natalse Vrugtevlieg (<i>Ceratitis rosa</i>), Maroela Vrugtevlieg (<i>Ceratitis cosyra</i>) Olyfvlieg (<i>Bactrocera oleae</i>) Asiatiese vrugtevlieg (<i>Bactrocera invadens</i>)</p>	<p>1.0 - 1.2 ℓ GF-120™ NF in 4 - 29 ℓ water (5 – 30 ℓ lokaasmengsel per ha)</p>	<p>Dien GF-120™ NF lokaas as 'n growwe druppel toe (met 'n gewenste druppelgrootte van 4 mm deursnee). Dien 'n totale volume van 5 tot 30 liter aangemaakte lokaas per geplante ha toe. Gebruik alleenlik gekalibreerde toerusting, wat aangepas is om aan toedieningsvereistes te voldoen. Sien “Toediening op Vrugtebome” hierbo.</p> <p>Dien as 'n band van verspreide druppels, ongeveer 1 - 2.5 m bo die grondvloer, aan ten minste een kant van elke ry bome toe. Dien daaropvolgende toedienings op alternatiewe kante van rye toe (sien ook "ALGEMENE INSTRUKSIES " hierbo).</p> <p>Herhaal lokaastoedienings minstens elke 7 – 14 dae afhangend van populasiedruk. Gebruik die korter interval op rypwordende vrugte.</p> <p>Behandel alle vatbare boorde, wingerde en aangrensende plante. Hou ook alle klaar geoeste boorde en wingerde onder 'n vrugtevliegbeheerprogram totdat minstens alle vatbare gewasse klaar geoes is.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/HA	OPMERKINGS
<p>TAFELDRUIWE, WYNDRUIWE EN ANDER SOORTGELYKE OPGELEIDE GEWASSE: Meditereense Vrugtevlieg (<i>Ceratitis copitata</i>) Natale Vrugtevlieg (<i>Ceratitis rosa</i>) Maroela Vrugtevlieg (<i>Ceratitis cosyra</i>) Asiatiese Vrugtevlieg (<i>Bactrocera invadens</i>)</p>	<p>1.0 – 1.2 ℓ GF-120™ NF in 4 – 29 ℓ water (5– 30 ℓ lokaasmengsel per ha)</p>	<p>Dien GF-120™ NF as growwe druppels (met 'n gewenste druppelgrootte van 4 mm deursnee) in 'n totale volume van 5 tot 30 liter aangemaakte lokaas per geplante ha toe. Gebruik alleenlik gekalibreerde toerusting wat aangepas is om aan toedieningsvereistes te voldoen. Sien ook „Algemene Instruksies“ en „Toediening op Tafeldruiwe“ hierbo.</p> <p>TAFELDRUIWE en ander soortgelyke opgeleide gewasse: Moenie lokaas direk op die druiwe trosse toedien nie. Behandel minstens elke tweede tot derde ry deur die lokaas aan die onderkant van die priëlkappe toe te dien. Voorkom onnodige spatsels (druppels) op die korrels of vrugte deur die toedienig by skuinskappe, aan die bokant van die tros-/vrugtelyn, en by dakpriële, tussen die troslyne, na die blaredek te rig. Die soliede straal metode soos onder „Toediening op vrugtebome“ beskryf word kan oorweeg word, mits spuitplaatjies met 'n klein opening teen relatief hoë druk gebruik word. Dien daaropvolgende toedienings op alternatiewe rye toe.</p> <p>WYNDRUIWE: Behandel minstens twee rye aan weerskante van elke tweede of derde werksry, afhangend van heersende vrugtevlieg populasiedruk. Gebruik die soliede straal metode soos onder „Toediening op vrugtebome“ beskryf word. Die strale moet teen 'n redelike hoë druk direk in die blaredek gespuit word sodat wanneer die strale blare of ander obstruksies tref dit in kleiner druppels aan die binnekant van die blaredek opbreek. Dien daaropvolgende toedienings in alternatiewe werksrye toe.</p> <p>Herhaal lokaastoedienings minstens elke 7 – 14 dae afhangend van populasiedruk. Gebruik die korter interval op rypwordende druiwe.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/HA	OPMERKINGS
TAFELDRIUWE, WYNDRIUWE EN ANDER SOORTGELYKE OPGELEIDE GEWASSE (verv.)		Behandel alle vatbare boorde, wingerde en aangrensende plante. Hou ook alle klaar geoeste boorde en wingerde onder 'n vrugtevliegbeheerprogram totdat minstens alle gewasse klaar geoes is.
ALLE GROENTEGEWASSE, INSLUITEND TAMATIES Mediterseense Vrugtevlieg <i>(Ceratitis copitata)</i> Natalse Vrugtevlieg <i>(Ceratitis rosa)</i> Maroela Vrugtevlieg <i>(Ceratitis cosyra)</i> Asiatiese Vrugtevlieg <i>(Bactrocera invadens)</i> TAMATIES EN SOETRISIES vir 0 dae voor oes onthoudingsperiode.	1.0 – 1.2 ℓ GF-120™ NF in 4 – 29 ℓ water (5 – 30 ℓ lokaasmengsel per ha)	Dien GF-120™ NF as growwe druppels (met 'n gewenste druppelgrootte van 4 mm deursnee) in 'n totale volume van 5 – 30 liter aangemaakte lokaas per geplante hektaar toe. Dien toe op gewasse in drag. Gebruik alleenlik gekalibreerde toerusting, wat aangepas is om aan toedieningsvereistes te voldoen. Gebruik toerusting wat 'n soliede dun straal kan lewer. Herhaal lokaastoedienings minstes elke 7 – 14 dae afhangend van populasiedruk. Gebruik die korter interval op rypwordende vrugte. <u>Opgeleide tamaties:</u> Behandel een kant van elke ry met lokaasmengsel. Dien toe in dun strook. <u>Alle ry groentegewasse insluitende Fabriekstamaties (nie opgelei):</u> Dien toe op draende gewas. Beweeg in land in reguit bane, terwyl kolbehandeling van 40 – 120 mℓ elke 4 m toegedien word in baan. Bane moet 10 m uitmekaar wees. Dit sal meebring dat op 1 hektaar daar 250 kolbehandelings toegedien word. Sien ook “Algemene instruksies” hierbo. Behandel ook vatbare en geoeste lande wat grens aan behandelde lande.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/HA	OPMERKINGS
<p>PAMPOEN- EN VERWANTE GEWASSE Pampoenvlieë (<i>Dacus</i> spp.)</p>	<p>1.0 - 1.2 ℓ GF-120™ NF in 4 - 29 ℓ water (5 – 30 ℓ lokaasmengsel per ha)</p>	<p>Dien GF-120™ NF as 'n growwe druppel toe (met 'n gewenste druppelgrootte van 4 mm deursnee) op plante in drag. Dien 'n totale volume van 5 tot 30 liter aangemaakte lokaas per geplante ha toe. Gebruik alleenlik gekalibreerde toerusting wat aangepas is om aan toedieningsvereistes te voldoen.</p> <p>Beweeg in land in reguit bane, terwyl kolbehandeling van 40 - 120 mℓ elke 4 m toegedien word in baan. Bane moet 10 m uitmekaar wees. Dit sal meebring dat op 1 hektaar daar 250 kolbehandelings toegedien sal word. (sien ook "ALGEMENE INSTRUKSIES " hierbo).</p> <p>Behandel ook vatbare lande, boorde, wingerde en plante wat grens aan behandelde pampoenlande.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/HA	OPMERKINGS
<p>LUGTOEDIENING ALLE GEWASSE HIERBO GENOEM</p> <p>KERNVRUGTE, STEENVRUGTE EN DRUIWE vir 0 dae voor oes onthoudingsperiode</p>	<p>1 ℓ GF-120™ NF + 1 tot 3 ℓ water (2 – 4 ℓ lokaasmengsel per ha)</p>	<p>Die GF-120™ NF moet deeglik met die aanbevole hoeveelheid water gemeng word, voordat dit in die vliegtuig se spuitenk oorgeplaas word.</p> <p>Die buiterante van die boorde of wingerde (ongeveer 30 m) asook enige aangrensende bron van vrugtevlieg infestasië, moet indien moontlik ook gespuit word.</p> <p>Die eerste toediening en die tussenposes tussen bespuitings word bepaal deur die weeklikse vrugtevlieglokval tellings.</p> <p>NOTA: *Reën binne 'n dag of twee na toediening mag die residuele nawerking van die behandeling verminder. *Hoe groter die gebied wat terselfdertyd behandel word, hoe beter die resultate wat verwag kan word. *Sien “Lugtoediening” onder “Algemene Instruksies”.</p>

Plaaslike Noodnommer: +27(0)82-895-0621 (SA alleenlik)
24 Uur Nood Tel No: +32-3-575-5555
Inligtingsnoodlyn: Tel No: +27(0)12 683-5700